
# Nuusbrief / News Letter
# Julie / July 2021



Goeiedag!

Ons is in die middel van Winter, alhoewel die mense wat weet sê dat ons winters hou tot Desember?!
Dit gaan baie goed in Blue Ridge en die bouers is baie besig. Ons wil graag net 'n beroep doen op eienaars wat bou, of gaan bou, om asb te sorg dat die boupersele netjies gehou word en toegespan word. Dankie byvoorbaat.

Amanda en Killer het al meeste van die verfwerk in Blue Ridge gedoen, en die strepe op die spoedhobbels sal binnekort geverf word.

Daar is op die oomblik baie bokkies wat vir ons kom kuier en ook 'n klomp nuwe kleintjies.



Daar is ook meer ligte in die strate opgesit, sodat dit beter verlig is in die aand.
Ons wil vir al die komiteelede wat ontsettend hard werk om dinge te laat gebeur, baie dankie sê vir al hulle onbaatsugtige harde werk. Ek is seker almal van ons waardeer dit baie!

Good day!

We are in die middle of Winter, although people in Mossel Bay that know, say Winter lasts until December ?!



Things are looking very good in Blue Ridge and the builders are quite busy. We would like to ask the owners who are building to please see to it that that the building sites are kept neat and clean and that the site is fenced in. Thank you!

Amanda and Killer have already done most of the painting jobs that had to be done in Blue Ridge and will start painting the speed bumps soon.

At the moment we have lots of bush buck visiting us in Blue Ridge. Also a lot of baby buck.

More street lights have been put up.
We would like to thank the committee for all the hard work. I'm sure you would agree that we all appreciate their hard work!

Daar is ‘n paar dinge wat ons onder julle aandag wil bring:

a. Daar moet asb ‘n duidelike prominente huisnommer aan die buitekant van die huis wees.
b. Daar mag geen vullis (tuinvullis of bouvullis) in die groenstrook gegooi word nie. Kom ons hou Blue Ridge mooi skoon en netjies.
c. Vir dié van julle wat nog nie weet hoe die vullisakke werk nie:
   **Swart sakke:** Algemene huisvullis; GEEN tuinvullis nie.
   **Blou sakke**: Dit is vir herwinning: kartonne, glas, papier, blikke, metaal, plasties. **GEEN** waspapier, plasties bedekte papier, tinfoelie, polystyrene, wasbedekte bokse soos melkkartonne, hondekos sakke, aartappelsakke, neonligte, batterye, gloeilampe, kleiware nie.
   **Groen sakke:** Tuinvullis soos gras, blare en takke (wat kleiner gesny is.)
d. Daar is 2 whatsapp groepe vir Blue Ridge. Dit is **Blue Ridge HOA Info** waar belangrike nuus gedeel word en **BR Chit & Chat** waar ons sommer net lekker dinge met mekaar kan deel.



Dit is vir ons ook baie lekker om te sien hoe mooi die tuine in Blue Ridge lyk. Baie dankie dit is pragtig!!

There are a few important things we would like to bring to your attention:

a. Please see to it that you have a prominent number on the outside of your house.
b. Please: NO rubbish (Garden or building) must be thrown in the green belt. Let’s keep everything, in and outside Blue Ridge, clean and neat.



c. For those of you who don’t yet know how the rubbish bags work:
   **Black bags:** NO Garden rubbish. Only normal rubbish.
   **Blue bags:** This is for recycling: cardboard, glass, paper, tin, metal, plastic. **NO** Wax paper, plastic coated paper, tinfoil, polystyrene containers, wax coated boxes like milk containers, dog food bags, potatoe bags, globes, neon tubes, ceramic ware and pottery.
   **Green bags:**This is for garden refuse like grass, leaves and branches (cut shorter).
d. There are 2 whatsapp groups for Blue Ridge. **Blue Ridge HOA Info**. The HOA uses this one to send us impotant notices,
   **BR Chit & Chat:**This is where we chat about things happening around us.




Die dames van Blue Ridge het in Februarie heerlik ge-KKK (koffie, koek, klets). Met die nuwe Covid aanval gaan ons eers weer later dit kan doen. Ons sal laat weet!



Saam met dié maand se notule, sal die voorgestelde veranderings in die Grondwet ook deurgestuur word vir julle insette en kommentaar. Kyk asb daarna en stuur julle bydraes binne 2 weke terug

Groetnis met mooie blomme net vir julle!! Kyk asb na na jouself en wees veilig en gesond. Baai vir nou!

Linda





The women's CCC (coffee, cake, chat) in February was really great! Unfortunately, with the new Covid wave, we'll have to wait a while before we can do it again.

With this month's minutes you will receive the proposed changes to the Constitution for your imput and comments which must reach us within 2 weeks.

With some beautiful flowers, we say:
Bye for now. Please stay safe and healthy!!

Linda

